Supreme Court of Appeal of South Africa

MEDIA SUMMARY – JUDGMENT DELIVERED IN SUPREME COURT OF APPEAL

From: The Registrar, Supreme Court of Appeal

Date: 29 May 2007

Status: Immediate

*Please note that the media summary is intended for the benefit of the media and does not form part of the judgment of the Supreme Court of Appeal*

Die huidige respondente Du Preez en Beyplas (Edms) Beperk (laasgenoemde verteenwoordig deur ‘n direkteur Mnr Beyers), het in die Bophuthatswana Hooggeregshof ‘n bevel teen ABSA Bank Beperk verkry, wat die bank verbied het om met sekere silosertifikate te handel. Gemelde silosertifikate is uitgereik deur NWK Beperk ten opsigte van graan wat gemelde respondente as produsente aan NWK gelewer het. Gemelde produsente het op hulle beurt hierdie sertifikate by die bank ingelewer.

Die vrae wat hierin ontstaan is eerstens die aard en omvang van die onderskeie partye se aansprake ten opsigte van hierdie silosertifikate; tweedens die vraag of daar sodanige feitedispute bestaan as gevolg waarvan die aangeleentheid vir verhoor verwys behoort te word en derdens of dit na die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof oorgeplaas moet word om gelyktydig saam met ‘n groep van 57 ander boere wat ‘n soortgelyke saak aldaar gehange gemaak het, verhoor te word.

Op appèl is beslis dat die feitedispute van sodanige aard is dat die aansoek vir getuienis verwys behoort te word. Daar is ook verwys na aanduidings op die stukke dat sekere persone moontlik vir Du Preez en Beyplas bedrieg het, 'n aspek wat deur middel van mondelinge getuienis opgeklaar kan word.

Ten opsigte van ABSA se aansoek om die aangeleentheid oor te plaas na die Transvaalse Provinsiale Afdeling is gemelde aansoek op grond van geriefsoorwegings van die hand gewys. ABSA se aansoek om verdere getuienis voor die Hoogste Hof van Appèl te plaas is toegestaan. Gemelde getuienis het betrekking op eerste respondente se optrede ten opsigte van silosertifikate wat hulle verkry en daarna verkoop het. As gevolg hiervan het die Hoogste Hof van Appèl die eerste respondente gelas om sekuriteit te stel alvorens hulle met die saak kan voortgaan.

--ends--